

## 16. NIE-BINDENDE ADVISERENDE STEM OOR DIE VERGOEDINGSBELEID

### GEWONE BESLUIT NOMMER 16

**Besluit dat** die maatskappy se vergoedingsbeleid, soos uiteengesit in die vergoedingsverslag vanaf bladsy 84 van die geïntegreerde jaarverslag, by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem onderskrif word.

## 17. NIE-BINDENDE ADVISERENDE STEM OOR DIE VERGOEDINGSIMPLEMENTERINGSVERSLAG

### GEWONE BESLUIT NOMMER 17

**Besluit dat** die maatskappy se implementeringsverslag rakende sy vergoedingsbeleid, soos uiteengesit in die vergoedingsverslag vanaf bladsy 84 van die geïntegreerde jaarverslag, by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem onderskrif word.

### VERDERE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN GEWONE BESLUITE NOMMERS 16 EN 17

Ingevolge die noteringsvereistes moet die maatskappy se vergoedingsbeleid en implementeringsverslag rakende sy vergoedingsbeleid elke jaar by die algemene jaarvergadering aan aandeelhouders voorgelê word vir 'n aparte nie-bindende adviserende stem. Indien 25% of meer van die stemregte uitgebring ten opsigte van enige van Gewone Besluite Nommers 16 of 17 teen die betrokke besluit uitgebring word, sal die maatskappy skakel met die teenstemmende aandeelhouders op die wyse soos uiteengesit in die vergoedingsverslag vanaf bladsy 84 van die geïntegreerde jaarverslag.

## 18. GOEDKEURING VAN DIREKTEURE SE VERGOEDING

### SPESIALE BESLUIT NOMMER 1

**Besluit dat** direkteursvergoeding vir dienste gelewer (uitgesluit BTW) as direkteure vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2021 as volg vasgestel word:

Tipe fooi (Rand)	Voorgestelde fooi vir die jaar eindigende 30 Junie 2021	Fooi vir die jaar geëindig 30 Junie 2020
Direksielid	390 000	390 000
Voorsitter van die oudit-en-risikokomitee	297 000	297 000
Lid van die oudit-en-risikokomitee	147 500	147 500
Lid van die vergoedings-en-nominasiekomitee	65 500	65 500
Voorsitter van die maatskaplike-en-etiesekomitee	120 000	120 000
Lid van die maatskaplike-en-etiesekomitee	65 500	65 500
Vergaderingsfooi vir <i>ad hoc</i> -komitees	25 000	25 000

### VERDERE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN SPESIALE BESLUIT NOMMER 1

Die rede vir en die effek van Spesiale Besluit Nummer 1 is om die vergoeding betaalbaar deur die maatskappy aan sy direkteure vir hulle dienste as direkteure van die maatskappy ingevolge artikel 66(9) van die Maatskappywet vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2021 goed te keur.

## 19. ALGEMENE MAGTIGING VIR DIE TERUGKOOP VAN AANDELE

### SPESIALE BESLUIT NOMMER 2

**Besluit dat** die direksie hiermee gemagtig word, by wyse van 'n hernubare algemene magtiging ingevolge die bepaling van die noteringsvereistes en soos toegelaat ingevolge die akte van oprigting, om die koop van sy eie gewone aandele deur die maatskappy, of om die koop van gewone aandele in die maatskappy deur enige filiaal van die maatskappy, ingevolge artikel 48 van die Maatskappywet, goed te keur op die terme en voorwaardes soos die direksie van tyd tot tyd mag bepaal, met dien verstande dat:

- hierdie algemene magtiging geldig sal wees tot en met die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy of vir 15 maande vanaf die datum van aanname van hierdie besluit, welke tydperk ook al die kortste is;
- die gewone aandele deur die bestelboek van die JSE verhandelingsstelsel gekoop word sonder enige voorafgaande verstandhouding of ooreenkoms tussen die maatskappy en/of die betrokke filiaal en die teenparty (gerapporteerde verhandelinge word verbied);
- die maatskappy ooreenkomstig paragraaf 11.27 van die noteringsvereistes 'n aankondiging publiseer (i) wanneer die maatskappy en/of sy filiale kumulatief 3% van die uitgereikte gewone aandele soos op die datum wat die algemene magtiging verleen is (die aanvanklike getal) teruggekoop het, en (ii) vir elke 3% in totaal van die aanvanklike getal gewone aandele wat daarna deur die maatskappy en/of sy filiale teruggekoop word;
- die terugkoop deur die maatskappy van sy eie gewone aandele in enige enkele finansiële jaar in totaal nie 10% van die maatskappy se uitgereikte gewone aandeelkapitaal soos aan die begin van die finansiële jaar mag oorskry nie, met dien verstande dat die verkryging van gewone aandele deur 'n filiaal van die maatskappy as tesourie-aandele nie uitgevoer sal word